# SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

## Beursinligting

**Naam en van:** Rickus Ströh

**Universiteit:** Noordwes-Universiteit

**Meesters:** x **Doktoraal:** **Postdok:**

**Studierigting:** Afrikaanse letterkunde

**Titel van proefskrif of Verhandeling:** Destabilisering van hegemoniese Afrikanermanlikheid deur middel van die randfiguur in drie onlangse Afrikaanse films

**Datum van afhandeling:** Mei 2017 **Uitslag:** Onderskeiding

**Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.**


In haar invloedryke boek, *Masculinities*, het R.W. Connell (2005) die term hegemoniese manlikheid geformaliseer. Sy verduidelik dat die term in die 1980's in die sosiologie ontstaan het, en verwys na daardie tipe manlikheid wat die oorhand het in die samelewing, wat ander vorme van manlikheid oorheers en waarvolgens die samelewing manlikheid as sosiale konstruk definieer. Hegemoniese manlikheid het ook aanleiding gegee tot 'n groot hoeveelheid navorsing wat oor manlikheid gedoen is. In die Suid-Afrikaanse konteks is dit veral Morrell (2001), Swart (2001) en Du Pisani (2001, 2004) wat verhelderend geskryf het ook manlikheid en Afrikanermanlikheid. In hierdie studie was daar ondersoek ingestel na die wyse waarop die randfiguur in drie onlangse Afrikaanse films, naamlik *Faan se trein* (2013), *Roepman* (2011), en *Triomf* (2008), hegemoniese Afrikanermanlikheid destabiliseer. Om uiteindelik die destabilisering te bespreek, het die studie 'n oorsig van manlikheid, hegemoniese manlikheid en hegemoniese Afrikanermanlikheid gebied. Sodoende is die aard van hegemoniese Afrikanermanlikheid, en die onvermydelike verband met Apartheid tydens die Apartheidsera in Suid-Afrika vasgestel. Die studie het ook Yacavone (2015) se opvattinge rondom die filmwêreld betrek om te verduidelik hoe hegemoniese Afrikanermanlikheid in die werklikheid van die drie films gekonstrueer word. Aangesien daar in elk van die drie films 'n randfiguur voorkom, sluit die studie ook 'n ondersoek na die begrip randfiguur en die neerslag daarvan in woord- en beeldtekste in.

In die analises van drie die films is daar bevind dat die filmwêreld deur die onderskeie regisseur gebruik word om 'n oortuigende en geloofwaardige (her)skepping van 'n era in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te konstrueer. Binne die betrokke ruimte staan die ideologieë van hegemoniese Afrikanermanlikheid en Apartheid sentraal. In al drie die films is daar 'n verskeidenheid manlike karakters wat elkeen 'n spesifieke verhouding met die hegemonie handhaaf. Hierteenoor is die randfiguur (Faan in *Faan se trein*, Joon in *Roepman*, en Lambert in *Triomf*) wat vanweë 'n verstandelike of liggaamlike gebrek, uit die samelewing gewerp word. Die randfiguur destabiliseer hegemoniese Afrikanermanlikheid om verskillende redes. Faan ontbloot eerstens die manlike seksualiteit en begeerte wat deur die hegemonie beskerm word, en tweedens die onregte van rassisme. Joon tree as redder op vir mense in die spoorweggemeenskap, terwyl ander karakters wat verteenwoordigend is van hegemoniese Afrikanermanlikheid (soos Pa en Dominee) daarin faal. Laastens is Lambert self 'n destabilisering van die norme en ideale van die hegemonie – hy is die bloedskandelike produk van 'n verhouding tussen sy ma en haar twee broers. Die analises het ook aangetoon hoe elkeen van die randfigure kommentaar lewer op die spesifieke politieke bestel, wat gekenmerk word deur diskriminasie, rassisme en magsverhoudings.